higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3

(3021013)

13 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

150Q1N2413

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

SABS; aandeelhouers; handelsblaaie; menslike hulpbronne; gebeurlikheidplan; risiko-evaluering; spanwerk; personeelontplooiing; belanghebbers; werksteekproefneming; NRO; risiko; bates; sakeplan; gehaltebeheer

1.1.1 Die gesamentlike poging deur werknemers ten einde 'n gemeenskaplike doelwit te bereik of 'n taak op die mees doeltreffende manier moontlik te voltooi, word … genoem.

1.1.2 … is daarvoor verantwoordelik om die gehalte van goedere en dienste in Suid-Afrika te beheer.

1.1.3 … verseker dat produkte/dienste aan die maatskappystandaarde voldoen.

1.1.4 ... het 'n finansiële belang in die welstand en bestuur van die onderneming.

1.1.5 ... kom voor wanneer die bedryfsbestuurder besluit of al die gevare wat vir die onderneming se bedrywighede relevant is, geïdentifiseer is.

1.1.6 Die inligting en kontakbesonderhede van die verskaffers in die bedryf word ingesluit in 'n boek, genaamd … .

1.1.7 … is 'n rugsteunmaatreël vir ingeval iets met die oorspronklike bedryfsplan vir die onderneming verkeerd loop.

1.1.8 … is die moontlikheid dat skade, verlies of besering in 'n onderneming kan voorkom.

1.1.9 … verseker dat 'n onderneming effektiewe toewysing van werk het end at werknemers se werkslading eweredig versprei is.

1.1.10 ... verwys na alle werknemers, van die ongekwalifiseerdes tot HUB's van die onderneming.

(10 × 1) (10)

1.2 Definieer die volgende:

1.2.1 Nulverdraagsaamheidsbeleid

1.2.2 Inkomste

1.2.3 Omgewingsbelanghebbers

1.2.4 Werksetiek

1.2.5 Gehalte-evalueringsinstrument

(5 × 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

THEO'S FAST FOOD (TFF)

Dit is 4 uur die oggend en terwyl haar kinders slaap, is die 49-jarige entrepreneur, Theo Thomas, reeds besig om skons en koek te bak en terselfdertyd bief- en hoenderbredies te maak — wat alles verkoop gaan word in die familiewinkel wat om 8 vm open.

"Theo's Fast Food" spyseniering en wegneemkos is geleë by 'n taxi-staanplek in Vosloorus, naby Johannesburg, Suid-Afrika, en bied 'n verskeidenheid lekkergoed, snoephappies en tuisgemaakte middagetes aan taxibestuurders en -pendelaars. Omdat Theo nie verstaan het hoe om winsgewende pryse vas te stel of sakerekords te hou nie, het sy in 'n stadium gesukkel en dit ernstig oorweeg om haar winkel te sluit.

Sake het egter verbeter toe sy uitgenooi is om 'n sakevaardigheidsopleidingskursus by te woon wat deur 'n VN-vroueprogram in vennootskap met die Coca-Cola maatskappy aangebied is om vroue ekonomies te bemagtig, as deel van die maatskappy se inisiatief om vroue in sy waardeketting te integreer. Sy het opleiding ontvang oor rekordhouding, hoe om inkomste en uitgawes te bestuur, bemarking, en mededinging. Nie net het dit Theo gehelp om 'n meer suksesvolle sakevrou te word nie, maar sy het ook haar selfvertroue herwin. Sy droom nou daarvan om teen 2027 'n tweede, groter winkel in 'n groter taxi-staanplek te open, en haar eerste onderneming aan haar digter Lesedi te oorhandig. Sy sal ongeveer R500 000 nodig hê om dit te kan doen.

https://www.entrepreneursdata.com (aangepas)

VRAAG 2

Sello Ndlovu is 'n neef, wie se taak dit is om Theo's Fast Food (TFF) te help deur te verseker dat die onderneming se daaglikse aktiwiteite produktief en winsgewend is.

2.1 Ondernemings moet bepaalde tegnieke gebruik om hul stelsels en prosedures te hersien.

Verduidelik SEWE instrumente en tegnieke van TGB wat Sello kan gebruik om te verseker dat TFF gehalteprodukte en -dienste lewer. (14)

2.2 Produkte/dienste van swak gehalte kan klante maklik die josie in maak.

Noem enige VIER redes wat kan veroorsaak dat TFF nie gehalteprosedures nakom nie. (8)

2.3 Sello moet GBS (QMS) gebruik om gehalte te bestuur in alles wat TFF doen.

Onderskei tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering* vir TFF. (4)

2.4 Bespreek enige VIER maniere waarop TFF risiko's kan bestuur of beheer wanneer dit voorkom. (8)

2.5 Verduidelik enige VIER aanbevelings vir effektiewe risikobestuur in TFF. (8)

2.6 Hulpbronne kan daartoe bydra dat TFF se bedrywighede nie suksesvol voltooi word nie.

Noem SEWE maniere waarop hulpbronne tot so 'n mislukking kan lei. (7)
[45]

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen 'n *subkontrakteur* en 'n *ondernemer/handelaar* ('*vendor*') vir TFF. (4)

3.2 Adviseer Sello oor hoe om die bydraes van hulpbronne tot die maandelikse bedryfsplan te evalueer. (8)

3.3 Noem enige VIER voorbeelde van menslike hulpbronne wat in TFF se bedrywighede benodig sal word. (4)

3.4 Evalueer Sello se prestasie as TFF se veiligheidsbeampte. (6)

3.5 Werknemers is onvoorspelbaar en kan negatief op swak bestuur reageer.

Maak voorstelle oor hoe Sello die personeelverhoudingrolle in hierdie onderneming kan vervul. (10)

3.6 Waarom is dit belangrik dat Sello 'n bedryfsplan vir TFF opstel? (10)

3.7 Organisasies moet 'n manier hê om die besigheid aan die gang te hou terwyl hulle hul sakebedrywighede uitvoer en gehalte verseker van die goedere wat hul verkoop en dienste wat hul lewer.

Noem die VIER pilare van TGB waaraan voldoen moet word om te verseker dat TFF volhoubaar is. (4)
[46]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Adviseer Sello oor protokols wat in TFF gebruik moet word om te voorkom dat kommunikasie tussen sakestelsels faal. (4)

4.2 Verduidelik drie metodes wat effektiewe inligtingsvloei tussen sakestelsels vir TFF kan verbeter. (6)

4.3 Adviseer Sello oor VYF basiese beginsels wat hy kan toepas om verhoudings met finansiële belanghebbers te handhaaf. (5)

4.4 TFF kan soms nie verstaan hoe dat belanghebbers tevrede gehou word nie.

Identifiseer enige SES areas waar daar moontlik nie aan hierdie vereiste voldoen word nie. (6)

4.5 Identifiseer die faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer TFF se belanghebberbeleid ontleed word. (4)

4.6 'n Onderneming sal bepaalde doelwitte hê, wat sy sukses definieer.

Noem enige VIER sulke doelwitte. (4**)**

4.7 Sello met verseker dat beplanning die SMART-beginsels volg.

Demonstreer jou begrip van hierdie akroniem deur te verduidelik hoe Sello dit sal gebruik om TFF se doelwitte te bereik. (10)
[39]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou